

29 September

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 21:2-22:9**

**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 21:2-7; 22:1-9**

### **Die lig skyn in die duisternis**

Josafat laat sy seun introu in 'n goddelose familie (18:1). Die troonopvolger, Joram, trou met Atalia, dogter van Agab en Isébel van Israel. Boonop word Josafat groot vriende met dié vervolgers van die Here se profete.

Toe Joram koning word, is dit gou duidelik dat hy onder die invloed van sy skoonfamilie is. Hy laat sy eie broers vermoor en verlei die volk tot vreemde godsdiens. Dis die gevolge van sy pa se sonde. Die Here slaap nie. Een na die ander ramp tref vir Joram: die Edomiete kom in opstand; al sy seuns, buiten Ahasia (Joahas) word vermoor; sy paleis word geplunder en hy sterf 'n eerlose dood.

Omdat God se toorn op die nageslag van Agab rus, word die nageslag van Dawid bedreig, want in Ahasia is dié twee geslagte vermeng. En net Ahasia bly oor – van al sy ooms en broers.

Ahasia word koning. Gedurende die een jaar wat hy regeer, is hy sterk onder die invloed van sy goddelose ma, Atalia. Sy por hom aan om saam met sy oom, koning van Israel, teen die Arameërs te gaan veg. Uiteindelik word ook Ahasia saam met sy ooms en neefs deur die toedoen van Jehu doodgemaak. Sy goddelose ma het vir die res gesorg en die hele koningsgeslag is vermoor. In dié stadium was daar niemand uit die nageslag van Dawid wat kon regeer nie (22:9).

Tog bly die Here getrou aan sy verbond met Dawid en doof Hy Dawid se lamp nie uit nie (21:7 OAV). Die lig skyn in die duisternis en die duisternis kon dit nie uitdoof nie (Joh 1:5). Agab se goddeloosheid kon nie Dawid se verkiesing ongeldig maak nie. Jesus Christus moes nog uit die nageslag van Dawid gebore word. Jesus word gebore ten spyte van die feit dat Agab en Isébel ook sy voorouers is!

*Sing: Psalm 66:7*

*Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)*